**Abraham sterf**

**Gen 25:1-11**

**17 Desember 2023**

1. Vantevore: Die Here het Rebekka as vrou vir Isak gegee. 4 Gelyktydige aspekte: (1) Die openbaringsgeskiedenis beweeg vorentoe (2) Verskeie persone tree op in gehoorsaamheid aan die Here (3) Persone verstaan hulle afhanklikheid van die Here (4) Die Here voorsien voortdurend, en moedig hulle so aan om te volhard.
2. Gen 25:1-11 – Einde van die werk van die Here deur Abraham, einde van sesde toledot in Genesis.
3. Abraham se nageslag saam met Ketura (Gen 25:1-6)
    a. V1: Ketura was waarskynlik Abraham se byvrou, soos Hagar (vgl 1 Kron 1:32, v6)
    b. V2-4: Abraham se nageslag deur Ketura: 6 seuns, 7 kleinseuns, 3 agterkleinseuns
    c. V1: "Abraham <u>took</u> a wife" vs "Abraham <u>had taken</u> a wife" – chronologies is dit moontlik dat Abraham Ketura as byvrou geneem het voor Sara se dood:
        - Abraham se ouderdom met: Isak se geboorte – 100 (Gen 21:5), Sara se sterwe – 137 (Gen 23:1), Isak se troue – 140 (Gen 25:20), Jakob en Esau se geboorte – 160 (Gen 25:26), Abraham se sterwe – 175 (Gen 25:7). Dus Abraham is oorlede na Jakob en Esau se geboorte, maar sy dood word beskryf voor hulle geboorte
        - Gen 17:7 – Abraham is verbaas oor 'n seun op 100 jaar. Hy sou baie verbaas moes wees oor 6 seuns as hy eers na 140 jaar met Ketura getroud is.
    d. V5-6: Abraham se onderskeid tussen Isak en byvrouens se seuns:
        - Isak het alles geërf (fisiese rykdom plus beloftes), ander seuns het net geskenke ontvang (vgl Gen 24:36, Gen 21:10)
        - Seuns van byvrouens weggestuur (vgl Hagar en Ismael – Gen 21)
    e. Is seuns van byvroue noodwendig vir ewig verlore?
        - Jes 60:6 – bring geskenke na Nuwe Jerusalem (vgl Jes 60:18-20, Op 21:4)
        - Luk 15:31-32 – hulle kan soos die verlore seun tot bekering kom
4. Abraham se dood
    a. V7-8: Abraham sterf op 175 jaar – in lyn met belofte in Gen 15:15
    b. Vol lewe: van afgodsdienaar → geregtigheid → vrede → vader van gelowiges → volle vervulling van beloftes
    c. V8-9: Verenig met sy mense = siel verenig met siele van gelowiges wat voor hom gesterf het. Liggaam by Sara se liggaam in grot van Magpela.
    d. V11: Seën van die Here skuif na Isak
5. Opsomming van die Here se werk deur Abraham
    a. Verbond met Abraham: Hoe die Here genadetyd gebruik om skeppingsdoel te bereik
    b. Einddoel: 'n Groot menigte (Abraham se ware nageslag) in die beloofde land (hemelse stad)
    c. Wie is deel van die menigte? Die wat die Here se beloftes glo – vir hulle sal geregtigheid gegee word, en hulle sal in vrede sterf
    d. Wat is die bron van geregtigheid? Die plaasvervangende offer van 'n Plaasvervanger
    e. Wat verwag die Here van die gelowiges? Om onberispelik in geregtigheid te leef
    f. Detail oor Plaasvervanger, standaard vir geregtigheid, hoe om gehoorsaam te wees – volg in latere verbonde